# DIE STIMULERING VAN LEERLINGAKTIWITEITE EN LEERLINGBEGRIP

*N. Dreyer (I.V.O. - T.O.D.)*

Die klaskamerpraktyk kan tot formele onderwys verval, veral aan die sekondêre skool. Die vak word dan tot die afneem van aantekeninge en die skryf van opstelle verlaag asook tot die gee van lesings of deur te dikteer. Die geskiedenisklaskamer is dikwels 'n steriele omgewing en bevat nie veel meer as die skoolbanke en skryfbord nie. Daar word selde van individuele — of groepwerk gebruik gemaak en hulpmiddele word by uitsondering gebruik. Met al die tegnologiese vooruitgang en leerlinge wat aangetrek word deur die massamedia, word Geskiedenis in die duister gelaat.

Tog is daar stadig maar seker 'n oplewing te bespeur. In plaas daarvan dat die onderwyser alle nodige feite en interpretasie klaar verwerk (en beïnvloed deur sy eie siening) aan die leerlinge oordra, is die onderwyser nou die aktiveerder en raadgewer. Hy is die persoon wat die agtergrond van 'n gebeure skets en die raamwerk voorsien waarvolgens die leerlinge met onder andere die nodige hulpmiddele wat die onderwyser verskaf of na verwys (o.a. in die mediasentrum) **self** tot 'n konklusie en begrip kan kom.

Die onderwyser benader die werk so dat die leerlinge **aktief** soos op 'n ontdekkingsreis deur die geskiedenis kan beweeg waartydens hy die gebeure **belewe** en **verstaan.** Die leerlinge sien 'n gebeure nou deur die oë van 'n tydgenoot van 'n veraf gebeure. Hy word self 'n Andries Hendrik Potgieter wat beslissings moet neem oor 'n roete na die binneland óf die leerlinge word geaktiveer deur groepwerk (van een tot vyf leerlinge) bv. as synde trekleiers of die voormanne van 'n sekere trekgroep wat byeenkom om besluite te neem. So kan leerlinge gebeure uit die verlede **herskep** en so tot **insig** en **begrip** van die gebeure of verloop van gebeure kom — want hy moes self in 'n dergelike situasie besluite neem. Die konklusie of besluit waartoe 'n leerling of groep geraak, kan van die werklike gebeure of van die van ander leerlinge en groepe verskil, maar met die regte beredenering en bewyse kan almal moontlikhede in die werklikheid wees.

Hoe meer sintuie hier gebruik word, hoe beter. Die leerlinge moet veral kan hoor en sien en doen (voel), eersgenoemde twee veral deur beredenering en laasgenoemde in die vorm van aktiewe handewerk.

Die waarde van aktiewe leerlingdeelname is o.a. die volgende:

- Motivering: die metode bring 'n positiewe stimulus in die klaskamer.
- Empatie: leerlinge leer om ander se opinies te verstaan en te waardeer.
- Insig: leerlinge leer die werking van geskiedenis ken en die uiteenlopende wyses waarop 'n gebeure kan uitloop en dat dit nie 'n reeks onsamehangende en toevallige gebeure en feite is wat net memoriseer moet word nie.
- Vaardighede: die metode oefen verskeie vaardighede bv. leer- en memoriseer;

  Deur geskiedenis aktief te belewe en dit van binne te leer met dokumente, kaarte, ens. help om feite makliker deur middel van assosiasies te onthou en te herroep.

  — sosiale vaardigheid: Leerlinge kry die geleentheid om op soveel terreine as moontlik in groepverband mee te doen;

  — bespreking- en luistervaardigheid deur middel van argumente en besprekings. Leerlinge moet besluit ens. kan regverdig;

  — taal- en woordeskat;

  — lees en naslaan waar leerlinge hul moet voorberei vir 'n bespreking, ens.

  — selektering- en rangskikkingsvaardigheid om die geskiedenisinhoud te sorteer met die doel om dit wat nodig is om 'n bewering te staaf, uit te lig:

  — vergelyking en kritiese evaluering van historiese gebeure uit die verlede met in agneming van faktore waaronder dit plaasgevind het.

- Verskeidenheid: Dit bied 'n addisionele hulpmiddel by ander bestaande metodes. Dit bring variasie in aanbiedingswyse.

  Die meegaande kaarte is bedoel om daarmee die Groot Trek te behandel, veral 'n bespreking oor die trekroetes. Dit kan op drie wyses gedoen word nl.

  1. deur die kaarte op 'n assestatvel in te brand, as oorlegkaarte te gebruik en met 'n klasbespreking die kaarte met 'n waterbasispen in te vul sodat die logiese roete as gevolg van verskeie faktore algaande duidelik word;
  2. deur die kaarte af te rol en aan die leerlinge te gee sodat elk sy eie stel het. Die leerlinge vul dan hul eie kaart in na aanleiding van die bespreking van die transparantprojeksie op die skerm.
  3. Die klas word verdeel in groepe (van twee tot vyf) wat dan met groepwerk en eie bespreking 'n kaart invul met die inligting tot hul beskikking. Daarna vind 'n klasbespreking plaas en word die roetes wat die groepe gekies het met mekaar vergelyk asook met die trekroetes soos vasgelê deur prof. C F J Muller. (Kyk: **Die Groot Trek in Beeld** en **Die oorsprong van die Groot Trek).**

  VOORGESTELDE WERKWYSE

  Kaart 1 word ingevul na aanleiding van die feite wat van die ander kaarte verkry word.


  Eers word die blokkies vanwaar die trekgroepe van Potgieter, Maritz, Uys en Retief getrek het met rooi ingevul. Daarna word bv. bepaal hoe die lae reënval- en onherbergsame streek in die weste die trek beïnvloed het. Hier word 'n keuse gemaak van hoe diep die Trekkers in die gebied sou wou inbeweeg en dan word 'n kruisie in die ry blokkies net **wes** van die gebied, die verste wes wat die Trekkers moontlik sou trek, ingetrek. (Kyk kaart 2).


Daarna word gekyk na die berge waaoor en waarop die Voortrekkers tog nie wou trek en bly nie en dan word die blokkies deurkruis. So word die ander invloede ook ingevul soos die woonplekke van die Swartes en die Griekwas (wat die Blankes nie vyandig gesind was nie) en die riviere wat die keuse van 'n roete beïnvloed het.


Die roete wat dan (eers liggies) ingetrek is, word vergelyk met bekende historiese plekke op die werklike roete (kaart 2). Dit sal die ooreenkoms of verskil van die roetes bepaal.


ENKELE OPMERKINGS

- Die tipe oefening en benadering kan ook gebruik word om bv. die roete van die vlugtog van koning Louis XVI te bepaal, die roete van seevaarders (dink aan die verskillende seestrome), die kolonisasie in Noord-Amerika (dink aan die verskillende produkte en die woonplek van die Rooihuide) en die keuse van 'n slagveld of die plasing van 'n laer.
- Om die inwerk van informasie op kaart 1 te vergemaklik kan die kaart oor 'n ander gepas word, teen die lig of 'n ruit gehou word en die besonderhede wat deurskyn gebruik word.
- 'n Verdere leerling- of groepaktiwiteit sal wees om kaart 1 aan leerlinge te gee om eers **self** informasie in te samel oor die klimaat, berge, bevolking ens., om daarna elk te bespreek en dan saam te voeg om 'n roete te soek.
- Hierdie is maar 'n enkele gedagte om u te stimuleer — ons sal graag verdere gedagtes en idees in die verband van u wou ontvang.




DIE GROOT TREK
a b c d e f g h i j k l
m n o p q r s t
minder as 130 mm pj
500 tot 1000 mm reën pj
s Schoemansdal
o Ohrigstad
l Lydenburg
r Rustenburg
pta Pretoria
p Potchefstroom
h Heilbron
w Winburg
t Thaba 'Nchu
pn Port Natal
b Bethulie
gr Graaff Reinet
Kaart 2


DIE GROOT TREK
a b c d e f g h i j k l
m n o p q r s t
Tugela
Umkomaas
Umzimkulu
Umzimvubu
Bashee
Kei
Keiskamma
Visrivier
Berge hoër as 1829m / 6000vt.
Kaart 3




# Wenners



Die 1982-kompetisie oor die vraag of Suid-Afrika 'n nuwe grondwet nodig het, is gewen deur 'n span van die Hoërskool Brandfort. Die spanlede is v.l.n.r. Elodé Marx (st. 9), Maré Anderson (st. 10), Mnr. J. Janeke (projekleier), Kobus Roodt (st. 10), Ameria Prinsloo (st. 10) en Lizette Scheepers (st. 10).

Die beoordelaars het die span se poging as oorspronklik, ewewigtig en verantwoord beskryf. Dit het getuig van goeie studie en spanwerk en van deeglike dinkwerk. Die skool het R500 ontvang en die spanlede het besluit om hulle R500 ook aan die skool se busfonds te skenk. Die borg was Santam Bank.